Openingsrede, Univ. v. Stell., 28 Feb. 1942

191.I.7 (1)

# DIE HUIDIGE STAAT VAN HISTORIESE NAVORSING IN SUID-AFRIKA.

---

Ten aanvang wil ek verduidelik dat ek nie gaan trag om oor alle aspekte van historiese navorsing in Suid-Afrika te handel nie, maar dat ek slegs aan die huidige staat daarvan aandag sal wy.

Ek verkeer min of meer in die posisie van iemand wat 'n kort en oorsigtelike opname op 'n gegewe gebied moet maak. Ek meen dat daar, wat historiese navorsing betref, 'n behoefte aan 'n dergelike opname bestaan, ten eerste omdat so 'n opname nog nie gemaak is nie, en ten tweede omdat daar in ons land vandag meer belangstelling as ooit tevore vir historiese navorsing waar te neem is.

## I. DIE BELANGRIKHEID VAN HISTORIESE NAVORSING.

Laat ons eerstens op die belangrikheid van historiese navorsing let. Historiese navorsing is een van die vername faktore in die kultuurlewe van 'n volk. Dit voer 'n mens terug tot die verlede van jou volk. Dit bring 'n mens in kontak met die heldefigure wat die produkte van jou land en volk in die verlede was, en wat op hul beurt weer gehelp het om koers te gee aan die strewe en lotgevalle van jou volk.

Historiese navorsing lê ook aan ons bloot die groot vraag-

stukke en krisisse wat ons voorgeslagte moes deurmaak. Dit voer ons nie <u>weg</u> van wat ons eie is nie; dit voer ons juis <u>daarna-toe.</u> Dit ontruk ons nie aan ons eie bodem nie; dit wortel ons dieper daarin. Vandaar dat daar by die navorser van ons vaderlandse geskiedenis, wat sy besondere onderwerp ook al mag wees, altyd die besef is dat hy die geestelike welsyn van sy volk dien. Dit is goed dat dit so is, en dit is ook soos dit hoort. Prof. Wilhelm Bauer van die Weense Universiteit het van die historiese werker tereg gesê dat hy moet onthou „dasz er im Dienste der Gesamtheit tätig ist und dasz der Nutzen seines Schaffens auf kürzestem Wege seiner Nation zugute kommen soll". (Einf. V).

Die groot waarde van historiese navorsing lê egter nie in hierdie algemene betekenis daarvan nie, maar in die betekenis wat dit vir die geskiedskrywing as sodanig het. Die geskiedskrywer kan nie sonder navorsing klaarkom nie. As hy nie navors nie, sal hy nie agter die waarheid van die verlede kom nie en kan hy onmoontlik oor die kennis beskik om [redacted] geskiedenis te skryf. Weliswaar kan dit voorkom dat iemand self hoogs belangrike gebeure van naby gesien of self meegemaak het, en dat hy dan sulke historiese gebeure op grond van eie ervaring en herinnering beskryf. Dit kan die geval wees met ervare mense wat oor 'n skerpe waarnemingsvermoë en 'n goeie geheue beskik. B.v. ons vorige kanselier, dr. Kestell, wat feitlik sy lewelank in die midde van ons kerklike en kulturele lewe gestaan het,

wat betekenisvolle ontwikkelinge op dié gebiede gesien het en wat self ook 'n vername aandeel daaraan geneem het, sou 'n interessante oorsig van sulke ontwikkelinge kon gegee het. En ons huidige kanselier, dr. Malan, wat hom jarelank in die midde van ons staatkundige lewe bevind en op die voorpunt van verreikende beweginge gestaan het, sou 'n insiggewende skildering van sulke beweginge kon gee. Dit wil dus voorkom of geskiedenis ook sonder navorsing geskryf kan word. Ons dien egter daarop te let dat ook in sulke gevalle daar gewoonlik 'n sekere mate van navorsing sal wees, al sou die betrokke persone slegs eie aantekeninge of ander persoonlike stukke raadpleeg om hul geheue te verfris. Maar dit kan ook voorkom dat hulle geen navorsing doen nie en volkome op eie geheue afgaan. Geskiedskrywing van hierdie soort is egter uitsondering. Dit sou in werklikheid ook nie geskiedskrywing van die regte soort wees nie, omdat dit die betrokke gebeure te veel uit eie oogpunt sou sien. Dit sou eerder as memoires geklassifiseer word, wat as boustowwe vir die geskiedskrywing waardevol is, en wat, as dit van mense soos ons genoemde kanseliers kom, seker van onskatbare waarde sal wees.

Om geskiedenis te skryf moet die historikus noodwendig navorsingswerk doen. D.w.s. hy moet 'n studie maak van die bronne wat uit die verlede tot hom gekom het, en op die manier moet hy 'n getroue beeld van die verlede kry, en dit ook getrou weergee. Op grond van die bronne moet hy die waarheid van die

verlede in die hede terugvind, of, anders gesê, hy moet die verlede in die hede met waarheid rekonstrueer. In die praktyk beteken dit dat hy veral skriftelike bronne moet opspoor en raadpleeg, want die skriftelike berigte is die vernaamste spore wat die verlede nagelaat het en die beste middel om ons tot 'n deeglike begrip van gebeurtenisse van die verlede te bring. Langlois en Seignobos, in hul Introduction aux Études Historiques, seker een van die bekendste werke oor die historiese metode, toon aan dat geskiedskrywing sonder studie en raadpleging van skriftelike bronne nie moontlik is nie. Daarna herhaal hulle weer nadruklik: „pas de documents, pas d' histoire" - geen skriftelike bronne, geen geskiedenis nie.

Skriftelike bronne is verreweg die vernaamste bronne, waarmee die historiese navorser hom moet besig hou, maar daarnaas is daar ook ander bronne, soos ou werktuie, meubelmente en gedenktekens wat, alhoewel gewoonlik minder belangrik, dikwels tog ook ontbrekende steentjies in die mosaïek van die verlede oplewer. Prof. Ernst Bernheim, wat ons in sy Lehrbuch der historischen Methode und der Geschichtsphilosophie die allervernaamste werk oor die historiese metode gegee het, behandel die verskillende soorte bronne en toon dan aan hoe die geskiedskrywer daarmee te werk moet gaan. Die bronne, sê Bernheim, is vir die historikus die noodsaaklike studie-materiaal, waardeur hy tot kennis van sy onderwerp, die gebeure wat hy bestudeer, geraak. Alle goeie geskiedskrywing moet deur sorgvuldige en geduldige raadpleging

van die betrokke bronne, van watter aard dié ook al mag wees, voorafgegaan word.

Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat deeglike navorsingswerk die lewensbloed van alle geslaagde geskiedskrywing is. As die navorser haastig en oppervlakkig werk, as hy ~~vername~~ sommige van sy bronne nie raadpleeg en andere nie tot die diepte peil nie, sal sy werk ook oppervlakkig wees, of dit sal ~~eenvoudig~~ eensydig en onjuis wees. Met hierdie waarheid voor oë kan ons nou nagaan hoe dit met die historiese navorsing vandag by ons gesteld is.

## II. GUNSTIGE FAKTORE.

Die feit dat daar vandag heelwat historiese navorsing in Suid-Afrika uitgevoer word, laat 'n mens vermoed dat daar gunstige faktore moet wees wat bevorderlik daarvoor is. Op sulke gunstige faktore moet ons nou let.

Ons universitêre inrigtinge is een van die vernaamste van hierdie faktore. Dosente en studente neem 'n vername plek onder historiese navorsers in. Al ons universiteite en universiteitskolleges stel oorspronklike werk as 'n vereiste vir gevorderde kursusse in Geskiedenis. 'n Kandidaat vir die M.A. in Geskiedenis moet 'n skripsie aanbied wat hoofsaaklik op oorspronklike navorsingswerk gebasseer is. En 'n kandidaat vir die Dr.-graad in Geskiedenis moet 'n dissertasie lewer wat die resultaat van intensiewe en omvattende navorsing moet wees. Waar sulke eise gestel word, lê dit voor die hand dat studente

hulle aan navorsing sal wy. En waar die getalle studente aan al ons universitêre inrigtinge in die afgelope paar jaar geweldig toegeneem het, kan 'n mens verwag dat die historiese navorsers onder hulle ook min of meer na verhouding sal toegeneem het. Dosente sit weer hul eie navorsingswerk voort, en waar hulle aan groeiende getalle studente leiding moet gee, moet hulle hul meer inspan ten einde self op die hoogte te bly.

Dan is daar ons argiewe, veral ons staatsargiewe, t.w. dié van Kaapstad, wat die oudste en grootste is, dié van Pretoria, dié van Bloemfontein en dié van Pietermaritzburg. Die feit dat daar reeds veel in ons argiewe gewerk word, is aanduiding daarvan dat hulle redelik aan hul doel beantwoord, en dat hulle fasiliteite van die regte soort bied. Ons argiewe was jarelank die stiefkind van die staatsdiens: die huisvesting was gebrekkig, die personeel was ontoereikend en die noodsaaklike katalogisering het agterweë gebly. Dit was die toestand tot die stigting van die Unie in 1910, en ook nog verskeie jare daarna. 'n Belangrike stap ter verbetering en hervorming is in 1922 gedoen, toe die Publieke Argiewe Wet deur die Parlement aangeneem is, waarvolgens die posisie van die hoofargivaris omskryf is, die argiewe amptelik vir die publiek oopgestel is en veral ook die Argiefkommissie in die lewe geroep is. Aan die Argiefkommissie word die algemene toesig oor die argiewe van die land opgedra. Die Kommissie moet die Minister van Binnelandse Sake, onder wie

die argiewe resorteer, van advies dien met betrekking tot die versameling, huisvesting en bewaring van argiefstukke, en op die Kommissie rus ook die vername plig om toesig te hou oor die publikasie van stukke uit die argiewe.

As gevolg van die Argiefwet het daar meer duidelikheid en orde in ons argiefwese gekom. Gepaardgaande daarmee is beter geldelike voorsiening vir die argiewe gemaak, en is daar ook meer werkkragte en beter geskikte werkkragte benoem, sodat die noodsaaklike werk, o.a. rangskikking en katalogisering, met erns aangepak kon word. Daar het beslis groot verbetering gekom, en alhoewel ons argiewe stellig nog nie is wat hulle behoort te wees nie, is hulle vandag in ieder geval besonder belangrike werkplekke vir historici.

Naas die argiewe moet natuurlik ook biblioteke genoem word - openbare biblioteke, universiteitsbiblioteke en ook private versamelinge. Ook hierdeur word historiese navorsing bevorder. Veral die wat oor goeie Afrikana-versamelinge beskik, soos b.v. die Mendelssohn Versameling - wat vandag deel van die Parlementsbiblioteek in Kaapstad uitmaak - is vir ons van belang.

Dit is seker nie onvanpas om hier 'n woord oor ons eie Universiteitsbiblioteek, waarmee ons elke dag moet werk, te sê nie. Iedereen wat die Universiteitsbiblioteek besoek, sal al gou opmerk dat die Afdeling Geskiedenis daar ruim voorsien is. Ons was daarby gelukkig genoeg om, danksy die welwillende medewerking van goedgesindes uit verskeie oorde, met verloop van tyd

volledige stelle van amptelike stukke van die Parlement op te bou. Daaronder kom voor notule en komitee-rapporte van sowel die Volksraad as die Senaat, wat waardevolle historiese bronne is en as sodanig elke jaar nog meer waardevol word. Ook het ons reeds 'n noemenswaardige Afrikana-versameling, wat steeds uitbrei aangesien die Universiteit iedere jaar 'n bepaalde som daarvoor opsy sit. Die feit dat dit selfs in hierdie moeilike tyd gebeur, is bewys daarvoor dat dit ons met hierdie noodsaaklike versameling erns is.

Navorsers het in ons biblioteek dus al 'n hulpmiddel wat seer seker nie te versmaai is nie. Maar dit sal een van die dae nog heelwat beter wees. Dit bring my daartoe om met dankbaarheid teenoor dr. Gustav S. Preller hier iets openbaar te maak wat almal van u seker sal interesseer. Dr. Preller, ons beste kenner van die Groot Trek-Geskiedenis, is een van ons vernaamste navorsers, en hy het met verloop van jare 'n uiters waardevolle private biblioteek opgebou, waarin veral kosbare Afrikana te vinde is. Hy woon in die idilliese omgewing van Pelindaba, twintig myl buite Pretoria - dus ver van Stellenbosch af, maar ons het geweet dat Stellenbosch in hom 'n goeie vriend het. Hy het dit egter nou op klinkende wyse opnuut getoon. Hy sal voortaan nie slegs 'n vriend van Stellenbosch wees nie; hy sal onder ons weldoeners gereken word. Hy het nl. besluit om sy hele boekery, insluitende kosbare Afrikana, belangrike

eerste-uitgawes en selfs manuskripte, aan ons Universiteit te skenk. Hy het ook die daad by die woord gevoeg, en aan die Rektor 'n volledige katalogus van al die werke gestuur. Ek doen hierdie verklaring met verlof van dr. Preller, en alhoewel die Rektor hom reeds namens die Universiteit bedank het, wil ek graag by hierdie amptelike geleentheid van die Universiteit ons opregte waardering vir sy pragtige daad uitspreek. Aan my het hy o.a. gesê dat hy sy boekery aan Stellenbosch wil gee, omdat hy daar oortuig van is dat dit hier met ware belangstelling en in die regte gees gebruik sal word. Ons waardeer sy vertroue in ons. Deur die toevoeging van sy boeke sal die waarde van ons Universiteitsbiblioteek, veral as 'n plek vir historiese navorsing, aanmerklik verhoog word, en daarom sal ons altyd in dankbaarheid aan dr. Preller dink.

Naas ons universiteite, argiewe en biblioteke is daar nog ander faktore wat vir geskiedkundige navorsingswerk bevorderlik is. Ons dink hier ook aan bronne-publikasies. Die werk van navorsers word baie bemoeilik as hulle vir hul bronne altyd na die argief of die biblioteek, of albei, moet gaan. Dit sou orals die geval wees, maar dis veral die geval in Suid-Afrika waar ons met sulke groot afstande te doen het. Daarom is dit van belang dat vername bronne soveel doenlik vir navorsers beskikbaar gestel word, en dit kan alleen deur die publikasie van sulke bronne geskied. Aan hierdie werk word vandag in ons land ook reeds heelwat aandag gewy. Bronnepublikasie geskied in die

eerste instansie onder toesig van die Argiefkommissie, wat, soos ons gesien het, ooreenkomstig die Argiefwet bevoegdheid besit in verband met die publikasie van stukke uit die staatsargiewe. Onder die leiding van die Kommissie het daar reeds sewe bande van Kaapse Archiefstukken verskyn, wat die vir die Kaapkolonie belangrike jare, 1778 tot 1783, dek.

'n Paar jaar gelede het die Kommissie besluit om by die publikasie van stukke die herkomsbeginsel toe te pas, d.i. die beginsel wat argiefindeling en -organisasie vandag ten grondslag lê, en wat beteken dat stukke by mekaar gehou en bewaar moet word soos hulle in die praktyk ontstaan het. B.v. die stukke van die ou Kaapse Politieke Raad sal bymekaar gehou word. Eweneens dié van die Raad van Justisie, dié van die Weeskamer ens. M.a.w. by die bewaring van stukke word daar rekening gehou met hul herkoms. Toepassing van die herkomsbeginsel by die publikasie van bronne sou dus beteken dat die bronne by wyse van reekse gepubliseer word ooreenkomstig die kollegies of beamptes van wie hul afkomstig is. Handelende op hierdie beginsel het die Argiefkommissie daartoe oorgegaan om eers die plakkate van die Politieke Raad aan die Kaap te publiseer. Die eerste band is reeds op die pers en behoort nou binnekort te verskyn. Die plakkate is, populêr gesê, die landswette van die betrokke tyd, en dis maklik verstaanbaar dat die Argiefkommissie, as hy hierdie taak voltooi, aan geskiedskrywers in Suid-Afrika 'n hulpmiddel van onskatbare waarde sal gee. Daarna sal hy, in verdere op-

volging van die herkomsbeginsel, dan tot die uitgawe van ander reekse kan oorgaan.

Die uitgawe van historiese bronne is in die meeste beskaafde lande ook die taak van wetenskaplike verenigings wat hulle hiervoor beywer. Sulke verenigings kan in die aard van die saak nie volop wees nie, veral nie in 'n land met 'n klein lesende publiek soos Suid-Afrika nie. Ons het egter darem een vereniging van die aard, die Van Riebeeck-Vereniging, wat, hoewel nog maar jonk, alreeds 'n indrukwekkende lys van 22 publikasies agter sy naam het. Deur die publikasie van hierdie stukke, waaronder van die allervernaamste Suid-Afrikaanse bronne voorkom, het die Van Riebeeck-Vereniging reeds 'n groot diens aan historici bewys, nie slegs in Suid-Afrika nie, maar ook in die buitewêreld waar die uitgawes van die Vereniging inderdaad ook 'n goeie afset geniet. Wie vandag oor 'n volledige stel van die uitgawes van die Van Riebeeck-Vereniging beskik,het daarin 'n waardevolle besitting. Veral die eerste paar dele is baie skaars. Vir die eerste deel, 'n klein bandjie van omtrent 150 bladsye, bied antikwariate tans £12 aan. Op dié manier het die Van Riebeeck-Vereniging dan al vername bronne binne maklike bereik van historici gebring en so hul werk vergemaklik. Die Vereniging staan vandag onder die verstandige en vérsiende leiding van ons geagte Vise-kanselier, regter H. S. van Zyl, en in hierdie leiding het ons die waarborg dat die Vereniging sy werk getrou sal doen en sy strewe suiwer sal hou.

In hierdie verband moet noodsaaklik ook oor die publikasiemiddele vir historiese werk gepraat word. Navorsingswerk sal nooit bloei as daar nie die moontlikheid bestaan om met die resultate daarvan voor die dag te kom nie. As 'n historikus 'n paar jaar aan 'n vraagstuk gewy het, as hy geduldig en deeglik nagevors het en tot waardevolle gevolgtrekkings in verband met daardie vraagstuk gekom het, dan sou hy nie daarmee tevrede wees dat sy manuskrip op 'n rak weggepak word om weldra met 'n stoflaag bedek te wees nie, of om slegs af en toe deur enkelinge, vir wie so 'n manuskrip wel bereikbaar mag wees, geraadpleeg te word nie. Dit sou vir die historikus geen aansporing tot arbeid wees nie, en noemenswaardige wetenskaplike kontakte sou agterweë bly. Wat nog erger is, 'n wetenskaplike tradisie sou nie in die vak opgebou kon word nie, en daardeur sou die vak van een van sy beste bevrugtende invloede verstoke bly. Die middele tot publikasie van die resultate van historiese navorsingswerk is dus noodsaaklik.

'n Lang tyd was dit hiermee in ons land beroerd gesteld, sodat ons historici vir die publikasie van navorsingswerk gewoonlik hul toevlug tot buitelandse tydskrifte en verenigings, veral Hollandse en Engelse, moes neem. Maar geleidelik het daar verbetering gekom, selfs tot so 'n mate dat ons vandag beslis 'n gunstige toestand het. Ons het tydskrifte soos die Huisgenoot en die Brandwag, wat, alhoewel hulle populêre tydskrifte is en 'n ewige vrees vir die wetenskaplike vorm het, tog

ook bereid is om ruimte vir goeie historiese bydraes af te staan. Ons het ook die Annale van die Universiteit van Stellenbosch en die Historiese Studies van die Universiteit Pretoria, twee wetenskaplike publikasies waarin historiese stukke van die beste gehalte tot hul reg kom.

In hierdie publikasies verskyn historiese werk van beperkte of min of meer beperkte omvang. Vir 'n artikel of 'n reeks artikels is daar plek, en in die Annale het ook al betreklike groot stukke werk verskyn. Maar ons moeilikheid het gelê by die groot werke. 'n Navorser lewer na verloop van tyd 'n manuskrip van 500 of 600 bladsye. Of 'n kandidaat vir die Dr.-graad skryf 'n dissertasie van dieselfde omvang. Dis juis sulke werke wat 'n mens graag gepubliseer wil sien, maar die publikasie daarvan is kosbaar, só kosbaar dat die skrywer dit in die reel nie self kan bekostig nie. Weliswaar het enkele al die geluk gehad dat 'n uitgewersfirma op eie risiko hul werk gaan druk het, maar dis hoë uitsondering: wetenskaplike werk vind gewoonlik nie 'n groot leserskring nie, en dis die getal lesers, heel verstaanbaar ook, wat die houding van uitgewers bepaal. Hoe moes die groot manuskripte dan tot publikasie kom? - Die behoefte aan 'n geskikte middel het baie dringend geword.

Die oplossing het uit Stellenbosch gekom. Een van ons professore, prof. J. L. M. Franken, het dit aan die hand gedoen. In die Stellenbossche Oudstudent van September 1937 het hy 'n kragtige en oortuigende pleidooi vir 'n Argiefjaarboek gelewer.

Die resultate van navorsingswerk in een of meer van ons argiewe gedoen, moes daarin gepubliseer word, en dit moes omvangryk genoeg wees om die grotere stukke werk, waarvoor 'n geskikte publikasiemiddel ontbreek het, te bevat. Groot onkoste sou daaraan verbonde wees, en om die te bestry het prof. Franken voorgestel dat daar op die jaarlikse begroting van die argiewe spesiaal daarvoor voorsiening gemaak word.

Die waarde van so 'n publikasie is dadelik ingesien. Die idee is in die pers gepropageer en verskeie historici het gedoen wat hulle kon om die idee te verwesenlik. Die hoofargivaris van die Unie, mnr. C. Graham Botha, en die assistent-hoofargivaris, dr. Coenraad Beyers, het die plan ook heelhartig gesteun. Sonder om in verdere besonderhede te tree mag ek net sê dat die resultaat was dat in 1938 die eerste twee bande van die Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis verskyn het, en dat daar van toe af nog elke jaar twee bande die lig gesien het. Die reeks bestaan nou uit ag bande. Daarin het ons 'n weergawe van navorsingswerk wat op verskillende plekke in ons land gedoen is, en tegelyk die versekering dat historiese werkers wat deeglike werk doen, al is dit ook baie omvangryk, 'n middel het om daarmee voor die dag te kom. Dit ly geen twyfel dat die Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis vandag ons vernaamste middel ter publikasie van die resultate van historiese navorsing is nie. Die kopie, wat in steeds toenemende mate van verskillende kante aangebied word, dui daarop

dat die waarde daarvan ook behoorlik ingesien word. Ek mag terloops byvoeg dat dit 'n pluimpie vir Stellenbosch is dat hy tot nou toe meer bydraes as enige ander plek aangebied het.

'n Mens kan dus tot die gevolgtrekking kom dat ons navorsers, wat die publikasie van hul werk betref, bevredigend daaraan toe is. Dis 'n gunstige toestand wat vir die toekoms van historiese navorsing in Suid-Afrika beslis goed beloof.

Daar is nog verskeie ander bevorderlike faktore. Daar is 'n spesialisasie wat historiese studies betref, sodat b.v. kerkgeskiedenis en onderwysgeskiedenis spesiale aandag ontvang. Daar is 'n groter belangstelling by Afrikaners in hul nasionale verlede as gevolg van treffende landswye feesvierings soos die Voortrekker Eeufees en die Hugenote Kwartmillenium-fees. En daar is die toename van leeslus in ons land in die algemeen gedurende die afgelope paar jaar. Ek wil egter nie op hierdie faktore ingaan nie. Uit wat ek gesê het, sal dit reeds duidelik wees dat daar in verband met ons historiese navorsing verskeie gunstige faktore aan die werk is. Het dit alleen hiervan afgehang, dan sou ons 'n gelukkige toestand gehad het wat geen ruimte vir klagte gelaat het nie. Maar daar is ook 'n ander sy aan die saak; daar is ook stremmende faktore, en dit is nou ons taak om dié onder die oë te sien.

## III. STREMMENDE FAKTORE.

Ten spyte van die waarde en belangrikheid van ons argiewe

as werkplekke vir historici, waarop ek reeds gewys het, is dit 'n feit dat daar vandag nog swakhede in ons argiefwese is, wat hier nie onvermeld mag bly nie. In enige argief is sortering van stukke, klassifikasie en katalogisering daarvan noodsaaklike werksaamhede wat per slot van rekening die waarde en bruikbaarheid van 'n argief bepaal. Is die stukke in 'n argief nie gesorteer nie; is dit nie onder sekere groepe geklassifiseer nie; en is dit nie in katalogusse gebring wat as leidraad vir navorsers kan dien nie, dan sal so 'n argief, veral as dit enigsins omvangryk is, uit die oogpunt van metodiese navorsing, nie **veel wêrd wees nie.** Hierdie noodsaaklike werk van sortering, klassifikasie en katalogisering word vandag in ons argiewe gedoen, en danksy geskikte beamptes word dit ook goed gedoen, maar dit het in die jare, toe die argiewe geen noemenswaardige aandag en ondersteuning van regeringsweë ontvang het nie, baie ver agtergeraak. Op die oomblik is dit nog ver agter, en as 'n mens in gedagte hou dat daar gedurig nuwe stukke na die argiewe kom, dan lyk dit nie of die agterstand binne afsienbare tyd ingehaal sal word nie. Inteendeel, waar die argiewe vanweë die oorlog met 'n aanmerklik verswakte personeel moet werk, sal hierdie agterstand groter word. In al ons argiewe is daar vandag 'n behoefte aan meer beamptes. Die Regering sal hiermee moet rekening hou en in die behoefte moet voorsien, want besuiniging op argiewe is, net soos besuiniging op skole, en biblioteke, in werklikheid geen besuiniging nie:

'n mens kan 'n paar duisend pond daardeur spaar, maar jy betaal weer dubbel en dwars daarvoor deur die vermeerdering van geestelike armoede onder die volk.

'n Ander vername swakheid in ons argiefwese vind ons by die Argiefkommissie en die status wat hy geniet. Uit wat ek in ander verband oor die Argiefkommissie gesê het, sal ons dit met mekaar eens wees dat die Kommissie 'n liggaam is wat belangrike werk ter bevordering van historiese navorsing doen. Hy moet egter onder baie moeilike omstandighede sy werk doen. Dit is nie aan foute of swakhede van die Kommissie self toe te skrywe nie, maar aan 'n gebrek in die Argiefwet waarop die Argiefkommissie gefundeer is. 'n Studie van die Argiefwet bring 'n mens tot die gevolgtrekking dat die Argiefkommissie geen <u>mag</u> het nie, maar <u>advies</u> moet gee en <u>toesig</u> moet hou. Die funksies van die Kommissie word in vyf bepalinge neergelê, en drie hiervan begin met die formule: „de Minister aan te bevelen welke stappen....", wat dus duidelik op die adviserende hoedanigheid wys. Die vierde bepaling handel oor die toesig van die Kommissie oor bronnepublikasie en die laaste lê neer dat die Kommissie jaarliks 'n verslag oor sy werk moet uitbring. Dus advies en toesig, en nêrens word die Kommissie met <u>mag</u> beklee nie. In die praktyk beteken dit dat die Kommissie vir alles wat hy wil doen eers magtiging moet verkry. Ek noem 'n paar voorbeelde. Hy stel 'n reglement op waarvolgens magistrate in verband met die bewaring van hul amptelike stukke te werk moet

gaan. Maar as hierdie reglement dadelik uitgestuur word, het dit nog geen bindende krag nie en geen magistraat is nog verplig om daarvolgens te handel nie. Om bindende krag daaraan te verleen moet dit eers na die Minister van Binnelandse Sake gaan. As hy dit goedkeur, tree hy in verbinding met die Minister van Justisie wat dan weer opdrag moet gee tot die uitvoering daarvan deur die magistrate.

Die Argiefkommissie het dit ook nodig gevind om instruksies vir verskillende staatsdepartemente, b.v. Landbou en Bosbou, Spoorweë en Hawens, en Naturellesake, op te stel, waarvolgens in die kantore van hierdie departemente sekere stukke sorgvuldig bewaar moet word, terwyl andere na verloop van tyd vernietig moet word. Sulke instruksies het om verskillende redes noodsaaklik geword. Daar het 'n ontsettende vermeerdering van stukke in die landsadministrasie gekom, sodanig dat dit eenvoudig 'n onmoontlikheid sou wees om alles in die argiewe te bewaar. Daarby is 'n groot menigte van hierdie stukke na verloop van tyd van nul en gener waarde, aangesien die inhoud daarvan metodies in ander stukke, wat altyd bewaar bly, opgeneem word. Soos in alle ander lande geskied, moes die Argiefkommissie dus ook hier by ons vir 'n keuring sorg. Maar die Kommissie kon nie self direk èn doeltreffend optree nie; ook hier moes hy via die betrokke ministers werk.

As eers eenmaal 'n beginsel deur die staatsdepartemente aanvaar is, kan die Argiefkommissie voortgaan, en kan die werk

vlot, maar voordat dit so ver kom, moet die Kommissie hom altyd van die omslagtige en tydrowende gedragslyn bedien. Hy is dus dikwels in sy optrede in belang van ons argiewe ernstig gestrem. Die enigste oplossing lê in 'n hervorming van die Argiefwet, sodat die Argiefkommissie nie slegs advies sal gee en toesig sal hou nie, maar ook daadwerklike mag sal hê. Dit het die Kommissie ingesien en hy het inderdaad ook reeds met die nodige voorbereidings ter hersiening van die Argiefwet begin.

Naas sulke swakhede in ons argiefwese is daar ook ander faktore wat historiese navorsing nadelig beïnvloed. 'n Baie ernstige swakheid by sommige van ons Engelssprekende historici is dat hulle nie oor genoegsaam kennis van Afrikaans en Nederlands beskik nie. 'n Honderd-en-vyftig jaar lank is byna al die bronne tot die geskiedenis van die Kaapkolonie in Nederlands; daarna is dit gedeeltelik in Engels, gedeeltelik in Nederlands en gedeeltelik in Afrikaans. Jarelank, t.w. in die republikeinse tyd, is die bronne van die Vrystaat en Transvaal byna uitsluitlik in Nederlands. En wat Natal betref is die bronne, alhoewel nie so 'n lang tyd nie, tog ook die eerste paar jaar - wat 'n besonder veelbewoë tyd in die Natalse geskiedenis is - hoofsaaklik in Nederlands. In die meer moderne tyd het daar oor al hierdie geweste weer tal van bronne in Afrikaans ontstaan. Vir iedereen moet dit glashelder wees dat 'n mens in Suid-Afrika nie deeglik kan navors as jy nie, naas 'n kennis van Engels, ook 'n goeie kennis van Afrikaans en Nederlands het nie. En tog is

daar Engelssprekende historici in ons land wat ~~[illegible]~~ ~~[illegible]~~ kortsigtig génoeg is om met Engelse bronne te volstaan en Nederlandse en Afrikaanse stukke, hoe belangrik die ook al mag wees, eenvoudig links te laat lê. Dit moet noodwendig tot beperking van die geestelike horison aanleiding gee, en gevolgelik ook tot eensydige geskiedskrywing, waar~~[illegible]~~ van Suid-Afrika inderdaad ook reeds baie voorbeelde gehad het. ~~[illegible]~~ Hierteen is al herhaaldelik gewaarsku - ek het dit self ook verskeie kere in resensies gedoen - maar die waarskuwing het tot nou toe nog nie veel uitwerking gehad nie.

Die gebrek aan kennis van Nederlands en Afrikaans het Engelssprekende historici al duur te staan gekom. Daaraan skryf ek dit toe dat die werk van Engelssprekende historici, uit die oogpunt van die navorsingswerk, wat daarvoor gedoen is, oor die algemeen heelwat agter staan by dié van Afrikaanse historici. Dit mag gewaag lyk om so'n stelling te maak, maar ek is daar volkome oortuig van, en ek sê dit op grond van my taamlik noue aanraking met navorsingswerk wat op verskillende plekke in ons land gedoen word.

Laat my toe om nog één ernstige stremmende faktor te verduidelik, t.w. 'n gebrek aan die regte gesindheid by baie navorsers. Daar is nog baie navorsers wat 'n verkeerde opvatting van die doel van 'n argief het en gevolgelik onbillike eise aan die argief en sy beamptes stel. Ek dink nou nie aan die

naïewe leek wat verwag het om in die Kaapse Argief 'n paar groot boeke aan te tref waarin alles omtrent ons geskiedenis opgeteken staan nie, en wat ewe naïef aan die argivaris gevra het om asseblief alles omtrent sy voorouers te hoor. Ek dink ook nie aan die goeie, weetgierige besoeker wat die argivaris meedeel dat hy verneem het dat daar 'n hele aantal ou boeke in die Argief is en dat hy graag wil uitvind of daarin nie miskien iets oor sy distrik gesê word nie.

Ek dink aan historici wat verwag dat die argiefpersoneel ure- en daelange navorsing vir hulle moet doen. Dit het al voorgekom dat historici na die argiewe skryf en vra om uitvoerige lyste van stukke wat oor sekere kwessies handel, of selfs aantekening versoek van die inhoud van sulke stukke. Dit is 'n volkome onbillike versoek. Die argiefbeamptes kan nie in die plek van die historikus tree om die navorsingswerk vir hom te doen nie. Dit is o.a. hul taak om leiding en voorligting in die argief te gee, maar seer seker nie om self die navorsing te doen nie. As hulle dit sou doen, sou die noodsaaklike werk, waartoe hulle aangestel is, agterweë bly.

As die historikus die regte navorsersgesindheid het, sal hy na die argief gaan en self dag na dag geduldig gaan navors. Hy moet bereid wees om teleurstelling te ontmoet: om miskien daelank niks besonders te vind nie, en om selfs na baie moeite en opoffering 'n ondersoek prys te gee as dit niks besonders oplewer nie. Hy moet besiel wees met die gees om te soek en te

vors, en hy moet sy geluk daarin vind om groot manne op hul spoor te volg of om ingewikkelde historiese vraagstukke te ontrafel. Hy moet die argiewe beskou as die aangewese werkplekke waar hy deur sware arbeid heen tot die waarheid in die verlede kan deurdring, en waar hy sy groot doel kan bereik nl. om, soos Ranke dit lakoniek stel, uit te vind hoe alles gewees is.

'n Verkeerde gesindheid word ook daardeur geopenbaar dat hierdie doel, nl. om die waarheid in die verlede vas te stel, by baie navorsers nie voorop gaan nie. Daar het 'n groot vermeerdering in die getalle studente aan ons universitêre inrigtings gekom en dit het, soos gesien is, 'n aanmerklike toename van historiese navorsing teweeggebring. Maar by sommige studente het 'n neiging ontstaan om navorsingswerk eenvoudig te beskou as 'n lastige voorwaarde vir die verkryging van 'n graad. Historiese navorsing dien dus die graad en nie die historiese waarheid nie. Onaangename en lelike gevalle het al voorgekom wat hierdie wantoestand illustreer. In proefskrifte het daar verwysings voorgekom na bronne wat die skrywers nooit gesien het nie! En nie so lank gelede nie het ek verneem van 'n geval - gelukkig nie aan ons Universiteit nie - waar 'n M.A.-student slegs 'n paar dae in 'n argief gesit het en later 'n skripsie geskryf het wat van begin tot end vol was van verwysings na bronne in dié argief. In sulke gevalle is daar êrens 'n skroef los. Dit is (in elk geval) duidelik dat die ware navorsersgesindheid hier volkome ontbreek, want historiese navorsing wat ge-

roepe is om as boodskapper van die waarheid op te tree word hier geskend en vermink om gradejagtery te dien. Dit is niks anders as hoogverraad teenoor die wetenskap nie; die een wat hom daaraan skuldig maak, het geen eerbied en liefde hoegenaamd vir sy vak nie.

Die verkeerde gesindheid blyk eindelik ook uit die tendensieuse geskiedskrywing waarmee ons in Suid-Afrika maar alte dikwels kennismaak. Om dit in die regte lig te sien moet 'n mens enkele hooflyne in ons geskiedenis in gedagte hou. Die blanke bevolking van Suid-Afrika is hoofsaaklik uit 'n Afrikaanssprekende en 'n Engelssprekende element saamgestel. Ons geskiedenis het 'n teenstelling tussen die twee sien ontstaan; uit die teenstelling het daar wrywing gekom, en uit die wrywing botsing. Dit was ook nie slegs sporadiese botsing nie, maar vir die Afrikaner het 'n stryd ontstaan vir wat hy as sy eersgeboortereg in hierdie land beskou het. Op staatkundige gebied het hy steeds sy ideaal van onafhanklikheid gekoester, en deur eie kragsinspanning het hy ook daarin geslaag om dit 'n tydlank verwesenlik te sien. Maar op die end moes hy dit prysgee: teen die mag van Groot Brittanje was hy nie bestand nie. Dit is die stryd gewees op politieke gebied, maar onderwyl was daar ook 'n stryd op kulturele gebied. Die Afrikaner moes hom weer teen aanvalle wat deur middel van 'n verengelsingsbeleid op sy geestesbesittinge gemaak is. In hierdie kultuurstryd het hy, anders as in die politieke stryd, in die verlede nie die neerlaag gely nie,

inteendeel hy het geseëvier en hy is daar ook bewus van. Waar ons hierdie verwikkelinge in ons land gehad het, en waar dit alles betreklik kort gelede plaasgevind het, is dit nie vreemd dat daar standpunte wat populêr as die Afrikaanse standpunt en die Engelse standpunt bekend is, in verband met ons geskiedenis ontstaan het nie. Hoe objektief die historikus ook al is, hy kan immers nooit van homself loskom nie, en daarom is dit verstaanbaar dat dergelike standpunte sal ontstaan. Maar die moeilikheid is dat die standpunte maklik oordryf word en dan in tendensieuse geskiedskrywing ontaard. Dan word die geskiedenis nagevors nie met die doel om tot die waarheid deur te dring nie, maar om stawing vir jou eie standpunt en besondere opvattinge te kry.

'n Engelssprekende kennis van my het oor die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog gewerk. Hy het die teorie ontwerp dat die oorlog eenvoudig aan sekere vasgewortelde en verouderde begrippe van president Kruger toe te skryf sou wees. Ek ontmoet hom by die argief en verneem na sy vordering. Hoogs voldaan antwoord hy dat dit uitstekend gaan, want sê hy, „I have found quite a number of facts to support my views"! Die verkeerde gesindheid kan nie beter geïllustreer word nie: die man gaan nie, soos die egte navorser, sonder vooraf vasgevormde opvattinge die waarheid soek nie, maar „feite om sy opvattinge te staaf." Die gevolg moet noodwendig wees tendensieuse geskiedskrywing.

Dis 'n kwaad hierdie wat tot op sekere hoogte by Afrikaners voorkom, iets wat te betreur is, maar wat tog verstaanbaar is as

'n mens daaraan dink dat die Afrikaner gewoond daaraan is om vir sy regte te veg, en enigsins gevoelig geword het wat sy nasionale eer betref. Maar die kwaad kom op veel groter skaal onder Engelssprekendes voor. Dis of sommige Engelse skrywers gedurig oorgehaal staan om sekere feite in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, wat vir hulle minder aangenaam voorkom, te probeer goedpraat. Dit skyn of hulle maar nie kan verstaan dat die taak van die geskiedskrywing nie is om hulle b.v. vir die optrede van die Imperiale Faktor in Suid-Afrika verantwoordelik te hou nie, maar dat die taak van die geskiedskrywing eenvoudig is om vas te stel wat die Imperiale Faktor presies was, hoe dit opgetree het, wat die doelstellings daarvan was e.s.m.

Navorsers moet daartoe kom, een en almal, om die feite van die verlede kalm onder die oë te sien. Heftig mag hulle nie word nie, want dan verloor hulle die egte navorsersgesindheid, wat bestaanbaar is slegs wanneer hulle eerlik en kalm na die waarheid soek. Soek ons na sogenaamde waarhede om stellinge te staaf, dan is ons min of meer terug by die Middeleeuse skolastiek, met dié verskil slegs dat ons nie 'n kerklike skolastiek sal hê nie maar 'n nasionale of kulturele skolastiek.

Ek het genoeg gesê oor stremmende faktore; ek moet sluit. Ons het enersyds faktore nagegaan wat historiese navorsing in ons land gunstig beïnvloed, en andersyds faktore wat dit strem. Oor die algemeen genome dink ek dat ons, stremmende faktore tenspyt, dankbaar kan wees vir die vordering wat historiese navorsing in

ons land gemaak het.

Laat ek ten slotte nog net dit sê: Ons moet vandag besef dat historiese navorsing nie onsydig teenoor ons volk mag staan nie. Daarmee bedoel ek nie dat ons ons aan tendensieuse geskiedenis moet skuldig maak nie, of dat ons die enge pragmatiese opvatting moet huldig dat die geskiedenis ons slegs moet leer om beter mense, insonderheid beter burgers van die land, te word nie. Ek bedoel dat ons die groot doel van die geskiedenis, wat ek reeds by herhaling genoem het, nl. om eerlik na die waarheid van die verlede te soek, suiwer moet hou, maar dat ons dit in die midde van die volk moet doen. Ons moet ons historiese navorsing onder die volk indra. Die gees van die volk moet dit deurdring en dit moet saam met die volk in dieselfde kultuurbodem wortel. Alleen dan kan ons navorsing fors van karakter en gesond van kern wees. Laat ek weer prof. Wilhelm Bauer aanhaal. In 1921 toe Oostenryk ekonomies en staatkundig verskeurd gelê het, het hy die historici (van sy volk) toegeroep dat hulle, met behoorlike handhawing van hul wetenskaplike beginsels, saam boumeesters moet wees wat - om sy eie woorde te gebruik - „aus den Trümmern unseres zerstörten staatlichen, sittlichen und völkischen Daseins wieder ein Ganzes und Groszes zusammenfügen" (Einf. V).

Die Afrikaanse volk, en trouens die hele blanke Suid-Afrika, lê vandag ook geestelik verskeurd en verwond. As ons historiese navorsers in eerlikheid en opregtheid ywerig hul werk doen, kan hulle die volk geestelik help voed en 'n besadigende invloed uit-

oefen. Hulle kan ook boumeesters wees, om te help om uit die brokstukke van die hede die groot en hegte eenheid van die toekoms te bou.